Olielamp

Jaargang 18 nr 08 Oktober 2014

REDAKSIESPAN 2014

Hoofredaktrise
Janet Pouwels

Subredaktrise
Karlien Stolper

Uitleg
Chrisna Bosker

Admin & Webtuiste
Elsabé Ros

Lid
Nicoline Anholts

Lid
Saskia Snijder

Lid
Renette Ros

Subredaktrise
Martha Hamming

Subredaktrise
Charmaine de Bruijne

Lid
Corneel Hagg

Subredaktrise
Maryke Roos

Illustrasies
Danelle van den Berg

Lid
Marijke Luijk



Lid
Herno van der Linden

Lid
Anneke Luijk

REDAKSIONEEL

Beste leser

Ons almal ken vir Job. ‘n Man wat lyding tot aan sy vel ervaar het. Die man wat deur die duiwel versoek is. ‘n Man wat op die ashoop gesit het en sy swere met ‘n potskerf gekrap het. ‘n Man met wie ons nie plekke sal wil ruil nie.

Maar in ons boekrak is daar ‘n boek getiteld: ‘So ryk soos Job.’ Dis nie hoe ek Job se lewe sou beskryf nie en tog as ‘n mens deur die boekie lees, is ‘n mens verbaas en selfs oortuig dat die titel gepas is. Alhoewel Job versoek en beproef is, het God hom in sy genade ‘n rotsvaste geloof geskenk en kon Job selfs vir God gesien het. En juis om dié rede skryf Jakobus in sy brief: “Kyk, ons reken hulle geluksalig wat verdra. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, en julle het die einddoel van die Here met Hom gesien, dat die Here vol medelye en ontferming is.” (Jakobus 5:11)

Te midde van Job se lyding het die Here Job nie alleen gelos nie. Nee, Hy het Job eerder gevorm soos die pottebakker sy klei vorm, en Hy het Job laat sien wie Hy is: onse Here is ‘n God vol medelye en ontferming. Job was ryk omdat hy God kon sien en omdat God hom genadig was.

Ek nooi julle uit om saam met die skrywers van hierdie uitgawe dieper te delf in die boek Job en verbaas te staan oor God se karakter en sy liefde vir Job, en ook vir ons, sy kinders.

Lees meer oor volharding in moeilike tye, Satan se mag, die mens se status in die wêreld en of ons ‘hoekom-vrae’ mag vra.

Verder wens die redaksie u ‘n mooi Oktober-maand toe, een waarin u van die natuur se oplewing mag geniet en dat u mag smaak en sien dat God goed is.

Groete,
Karlien Stolper

Missie

Die Olielamp is daar om die Drie-enige God te eer. Dit verskaf riglyne vanuit sy Woord en versterk sodoende die leser om God deel te maak van alle aspekte van die lewe.

Die doel van die Olielamp is om te verseker dat daar kwaliteit leesstof vir die jeug en ander belangstellendes beskikbaar is. Dit gee elkeen die geleentheid om hulle opinies te lig en om hulle talente in God se Koninkryk te gebruik. Dit bevorder kommunikasie tussen verskeie Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Visie

Die visie van die Olielamp is om die leser te bemoedig om ’n God-gerigte lewe te lei.

INHOUDSOPGAWE

Uit die Woord

05 *Die verhaal van Job*

06 *God is almagtig en onbegryplik vir ons menslike verstand!*

08 *Hoeveel mag het Satan oor ons?*

09 *Die onsigbare oorlog tussen God en Satan*

Oppad

11 *Volharding in moeilike tye*

13 *Hoekom? Hoekom ek? Hoekom alweer ek?*

14 *Why me?*

15 *Wat as ons vriende teen ons draai?*

16 *Die mens se status in die wêreld*

Voete van Bereidwilligheid

18 *10 000 reasons*

23 *Meer as net huise bou...*

Afgesneen

24 *Challenge*

DIE VERHAAL VAN JOB

Geskryf deur: Saskia Snijder

Ons almal ken die verhaal van Job. Hy was 'n vroom man wat teen alle logiese redes in met die een ramp na die ander getref is. Die rampe veroorsaak dat hy arm, siek en kinderloos agterbly.

Hoekom laat God dit toe?

Hoekom sal God so iets toelaat? Ons weet dat Hy Satan toestemming gegee het om enigiets teen Job te doen, solank hy hom net aan die lewe hou. Kom ons kyk na wat die Bybel sê en of ons antwoorde op hierdie vrae kan vind.

Job 1 en 2 gee vir ons agtergrond-inligting wat Job nie het nie. God het vir Satan gewys hoe vroom Job is. Satan beweer dat Job so vroom is slegs omdat God hom so baie seën. Daarom wil Satan Job versoek, en deur al die rampe weglei van God af. God gee toestemming, want Hy wil Job beproef.

Tog beperk God vir Satan; hy kan nie alles doen wat hy wil nie. Hy moet binne God se grense werk, en hy moet Job se lewe spaar. Hier sien ons dat God altyd in beheer is, selfs as ons teëspoede ervaar. God laat nooit iets met ons gebeur wat te swaar is om te dra nie. Hy stel grense vir Satan, en Satan kan dit nie oorskrei nie.

Job se perspektief

Nou swaai die verhaal na Job se perspektief. Job 2:8 skets die vreeslike prentjie van Job ná al die plae: hy sit op 'n ashoop en krap sy swere met 'n potskerf. Tog hou hy nog vas aan sy geloof. Sy vrou vra vir hom hoekom hy God nie net vervloek en sterf nie. Dit maak mos die meeste sin. As God so teen jou draai, sal Hy mos nie weer terugdraai nie. En hoekom op aarde wil jy 'n 'god' aanbid wat teen jou gedraai het? Job luister nie vir sy vrou nie. Hy vra vir haar: "Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte nie?" Job se geloof lê dieper as net die oppervlakkige mooiweersgeloof.

Tog is Job nie volmaak nie. Hy raak depressief en vervloek sy geboortedag. Die plae eis wel sy tol. Die feit dat jy uitverkore is, maak nie dat jy teëspoede makliker kan aanvaar en onaangeraak daaruit kan stap nie.

Job se vriende kom om hom te troos. Maar vir Job is hulle net nog 'n beproewing. Hulle is net so kortsigtig soos sy vrou, en reken dat Job een of ander groot sonde moes begaan het, anders sou God hom nie so gestraf het nie. Job beweer dat hy nie gesondig het nie, en 'n sirkelargument ontstaan. Beide partye bly by hulle standpunt, en dieselfde redenasies word gevolg.

God gryp in

Job roep vrae uit na God, maar kry nie die antwoorde wat hy soek nie. Dit hou so aan tot God ingryp en met Job kom praat. In hoofstuk 38 lees ons dat God Job in 'n storm geantwoord het. Deur sy grootheid in die skepping uit te wys (en Job se kleinheid en onkunde), maak God dit vir Job duidelik dat die mens nie alles wat Hy doen, verstaan nie. God is te groot en magtig, en Hy doen goed wat ons klein verstand nie kan verstaan nie. Die teëspoed vir Job het 'n doel gehad, en God het 'n groter plan met Job as wat Job self dink. Want Job kan nie die groot prentjie sien nie, en God wel.

Ons kan ook hieruit leer. As dit swaar gaan met ons, moet ons op God bly vertrou, want Hy weet wat sy uiteindelike doel met jou is. Job se geloof het deur hierdie rampe dieper en wyer geword. God het hom ook weer met rykdom, kinders en 'n hoë ouderdom geseën. God draai nooit heeltemaal weg nie.

Wat ons wel moet besef, is dat Job nie op sy eie so kon bly glo nie. God het hom heeltyd vasgehou, soos Hy ook al sy kinders in moeilike tye sal bly vashou. Ons is nooit alleen nie. Dit gee nie om hoe swaar ons kry nie, God sal ons altyd help. Vertrou net op Hom!

Bron:

Handboek by die Bybel

GOD IS ALMAGTIG EN ONBEGRYPLIK VIR ONS MENSLIKE VERSTAND!

Geskryf deur: Arno Snijder

Alle gelowiges het al in hul lewe 'n moeilike situasie beleef of deur 'n moeilike tyd in hul lewe gegaan. In sulke tye van swaarkry kan ons soms baie vrae vra en begin twyfel in en oor ons geloof. Ons kan nie verstaan hoe God sy kinders so kan straf nie, of ons verstaan nie God se plan en doel met die swaarkry nie.

Die boek Job is 'n baie duidelike voorbeeld van so 'n situasie. Job, 'n welgestelde man met baie besittings, word deur God op 'n baie ernstige wyse beproef. Job word van al sy besittings, sy familie en selfs sy vriende beroof! Hy word ook oorval met melaatsheid. Job worstel deur hierdie moeilike tyd met vriende wat hom heeltyd probeer oortuig dat hy sy swaarkry verdien, dat dit 'n straf op sy sonde is. Job bly egter volhou dat God nie 'n mens so wreed op sy sonde sal straf nie. Hy bly getuig dat hy onskuldig is.

Om 'n hedendaagse voorbeeld te noem: Albert se enigste seun sterf op 'n jong ouderdom. Hy was baie lief vir sy seun en hulle het 'n baie goeie band gehad. Albert treur baie oor die verlies van sy enigste kind en verstaan nie God se weë nie. Hy begin wonder oor hoekom God dit aan hom doen. Hoekom moes dit hom oorval? Hy probeer om God se raadsplan te verstaan en om God se planne met sy menslike verstand te begryp.

"Waar was jy toe Ek die wêreld geskape het?"

Hoofstuk 38-41 van Job gee egter vir ons perspektief oor hoe ons 'n moeilike situasie moet benader. In hoofstukke 38 en 39 antwoord God vir Job deur hom te vra of hy teenwoordig was toe God die wêreld geskape het. Hy vra: "Waar was jy, Job, toe Ek die wêreld geskape het, lig en donkerte, wind en reën, die sterrestelsels en hulle bane gemaak het? Wat weet jy van die wilde diere: die leeu, die bok, die wilde donkie en bees, die volstruis, die perd, die arend?" Hoofstuk 38 en 39 bespreek dit so pragtig. Waar was ons toe God die hemel gemaak het?

As ons daaroor gaan nadink is dit 'n wonderwerk wat God verrig het. Hoe kan ons mense dit dan probeer verstaan? Vers 11 wat praat oor die grense van die golwe beskryf God se almag so mooi: "Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe." Dit is onbegryplik om te dink dat Iets of Iemand dit kan vermag! Hierdie twee hoofstukke gee aan ons die beeld van die almagtige God wat hemel en aarde geskape het in ses dae! 'n God wat ons opstaan en gaan slaap ken! Hy wat die hare op ons hoof getel het. Hierdie God is die God wat in beheer is van ons lewe en die hele heelal rondom ons (waarvan ons net 'n miniskule deeltjie is)! Dit is wat hoofstuk 38 en 39 vir ons wil sê.

"Hoe kan jy jouself teenoor My stel?"

Hoofstuk 40 en 41 versterk hierdie gedagte nog meer as God vir Job vra waarom hy waag om hom teenoor God te stel. "Kyk na net twee van my skepsels – die seekoei en die krokodil. Aanskou hulle krag (40:18-19; 41:4-5), hulle ruwe ontembaarheid (40:24; 41:17-20). Mense is totaal magteloos om hulle te beheer. Dan is dit mos waansin om te reken jy is die gelyke van God, wat hulle gemaak het!" Hierdie gedeelte wys ons weer daarop dat ons nie onsself teenoor God moet plaas om Hom te probeer verstaan nie. Ons moenie sy mag en majesteit probeer begryp nie. Ons moenie in sulke moeilike tye onsself bo God plaas en vir Hom probeer sê wat goed vir ons is nie. Ons kan dit so maklik doen. Ons met ons menslike verstand dink so maklik ons weet wat die beste vir ons is! Maar God sê dat as ons nie eers sy skepsels kan beheer soos die seekoei en krokodil nie, hoe gaan ons Hom dan beheer! Hoe kan ons dan maak of ons weet wat goed is vir ons, as Hy ons geskape het?

Ons kan God nie in menslike terme definieer nie

Na God se teregwysing swyg Job en kan hy slegs sy skuld bely teenoor God en sy plek as sondige, onwyse mens (sonder die vermoë om God en sy majesteit te verstaan) inneem. Die Gees het die wysheid in hom bewerk dat hy God nie moet bevraagteken in sulke moeilike tye nie, maar dat hy Hom des te meer moet vertrou! God doen soms wel onbegryplike dade, maar ons kan en mag nie met ons menslike verstand probeer om dit te verstaan nie. Ons moet juis op Hom vertrou en nie sy majesteit deur ons onvolmaakte begrip beperk nie. God beloof in sy Skrif dat Hy alle kwaad ten

goede vir ons sal laat meewerk, solank ons net in Hom glo! (Romeine 8:28) Ons kan onsself ook troos met die woorde van Skrifberyming 17 en Psalm 84!

Ons kan God dus nie in ‘n moeilike tyd vir die swaarkry blameer nie, want dit is nie God wat dit oor ons laat kom het nie, maar dis ‘n gevolg van ons eie sondige natuur. God (ons wonderlike, genade- en liefdevolle God) gee egter vir ons ‘n uitweg! Toe hy sy Seun aan die kruis laat vasspyker het, het Hy vir ons lig aan die einde van die tonnel laat skyn. Ons mag deur dik en dun op Hom en op sy reddende hande vertrou! As ons dit doen sal Hy ons, soos Job, met oorvloed en rykdom seën (nie noodwendig hier op aarde nie). Die een groot troos waarvan ons seker kan wees is dat ons, as ons werklik glo, die ewige lewe sal beërwe. Die reddende woorde van Job 38-41 lei ons op die regte pad om onsself altyd ondergeskik aan God te stel en Hom nooit in ons menslike terme te probeer definieer nie. Ons moet eerder ons oë op Hom en sy beloftes hou met die volle vertroue dat Hy uitkoms sal gee!

Job het bly vasstaan in sy kennis van God en nie getwyfel aan God se troue liefde nie. Ons moet ook net onthou dat dit nie Job was wat uit homself geglo het nie, maar dat dit die Heilige Gees is wat dit in hom bewerk het. Ons kan dus elkeen tot God bid in sulke moeilike tye en ook in ons daaglikse lewe, dat die Heilige Gees ons altyd naby sal wees; dat ons nooit soos Job se drie vriende mag afwyk van die regte pad en in God begin twyfel nie. Ons mag onsself daaraan troos in wat God beloof het en dat Hy altyd vir ons sal bly sorg! Halleluja!



HOEVEEL MAG HET SATAN OOR ONS?

Geskryf deur: Amelia Begemann

Hoeveel mag die Satan oor ons het, kan gesien word in die Bybel:

> "Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?
>
> En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet." (Genesis 3: 1 – 6)

God het die mensdom met die wil geskep om vir Hom of teen Hom te kies. Die duiwel het dit geweet en het dit dus teen ons gebruik. Hy het ons verlei om vir onsself te kies, dit wil sê téén God, en so het hy baie mag oor die mensdom gekry. Presies hoeveel mag hy oor die mensdom gekry het, kan in die volgende Bybelgedeelte gesien word:

> "Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart." (Genesis 6: 5-6)

In die verhaal van Job kan ook gesien word hoe baie mag die Satan oor ons het. Satan bring allerhande plae oor Job en hy verloor alles. Maar tog is dit duidelik dat Satan dit net kan regkry omdat God aan hom toestemming gegee het om dit te doen. God sal nie toelaat dat Satan Job se lewe neem nie. Satan tree dus op in die almag van God, en niks wat hy doen gebeur sonder dat God dit toelaat nie.

Daar is 'n groot stryd tussen God en die Satan. Die mens het egter die neiging om teen God te kies. God is egter genadig. Hy het nog steeds besluit om by die mens te bly.

Hy het Christus gestuur. Christus het ons skoon gewas en teruggekoop deur aan die kruis vir ons te sterf. Hy het sy genade aan ons gegee en soos 'n herder sy skape by die naam geroep om na Hom te kom.

God roep baie mense, maar min draai na Hom toe. Ons moet ook kies om na sy roepstem te luister en Hom te volg, soos gesien word in die gelykenis van die bruilof (Mattheus 22: 1-14). Alhoewel ons deur genade tot geloof kom, moet ons ook besluit om die geloof in liefde te aanvaar. God het tog aan ons die vermoë gegee om te kan kies, anders was ons net 'n klomp gevoellose masjinerie.

God het sy deel gedoen. Jy as jong Christen moet egter nog elke dag vir God kies in al jou besluite. Die duiwel se aanvalle is sterk, maar hy is reeds oorwin. Deur die loskoop wat Christus bewerkstellig het en die wapenrusting van God wat jy elke dag moet aantrek, het die Satan geen mag oor jou nie!

DIE ONSIGBARE OORLOG TUSSEN GOD EN SATAN

Geskryf deur: Carmen de Jong

In die eerste hoofstuk van die boek Job kry ons 'n gesprek tussen God en die Satan. Hier is dit duidelik dat daar 'n permanente stryd tussen dié twee geestelike werklikhede aan die gang is.

Die twee groot geestelike werklikhede waarvoor almal van ons te staan kom, is God se koninkryk en Satan se koninkryk. Die Drie-enige God het die oppergesag in die heelal en Hy word deur 'n groot aantal engele én mense gedien. Die duiwel se alternatiewe koninkryk is die gevolg van 'n prehistoriese opstand teen God se koninkryk, en die samestelling daarvan vertoon duidelike elemente van die nabootsing van God se koninkryk. Die volgende is 'n vergelykende tabel van die twee ryke:

Jahweh: die ware God van hemel en aarde (Handelinge 17:24). Sy dienaars, naamlik engele en geredde mense, moet heilig leef en volgens die beginsels van sy goddelike natuur wandel (Mattheus 25:31; 1 Petrus 1:15-16; Efesiërs 5:8).	**Satan:** die valse god van hierdie wêreld (2 Korinthiërs 4:4). Sy dienaars, naamlik gevalle engele en ongeredde mense, wandel in geestelike duisternis volgens die geneigdhede van sy verdorwe natuur (2 Petrus 2:4; Johannes 3:19).
Christus: God se Seun, in wie die Vader woon en deur wie Hy werk (Johannes 10:30; 14:10; Hebreërs 1:1-2). Hy is as Koning en Regter aangestel en sal tydens sy wederkoms in mag en majesteit geopenbaar word om vir ewig te regeer (Openbaring 11:15; 19:16).	**Antichris:** die seun van die verderf, aan wie Satan sy troon en mag sal oorgee (Openbaring 13:2). Hy sal 'n sataniese nuwe wêreldorde instel, vir 'n tyd lank oor die hele aarde regeer en die volgelinge van die ware Christus vervolg (Openbaring 13:7).
Heilige Gees: God het sy Gees gestuur om mense van sonde te oortuig, wedergebore laat word, te vervul en in die hele waarheid te lei (Johannes 3:5; 16:8-13). Hy verheerlik Christus (Johannes 16:14) en help ons om Hom te volg en te eer.	**Verleidende geeste:** Satan stuur bose geeste uit om mense geestelik te mislei (1 Timotheus 4:1) en in sonde te laat leef. Hulle bemagtig hulle slagoffers om okkultiese gawes te beoefen en Satan so te volg.
Weergebore mense: hulle is getuies vir God en sy Seun met 'n opdrag om sy koninkryk op aarde uit te brei (Handelinge 1:8). Hulle is die lig van 'n donker wêreld (Mattheus 5:14) en sal eendag saam met Christus in sy koninkryk regeer (Openbaring 5:9-10; 20:6). Tans is hulle vreemdelinge en bywoners in 'n goddelose wêreld (1 Petrus 2:11; 1 Johannes 5:19).	**Verlore mense:** hulle is die duiwel se medewerkers in die uitbreiding van sy koninkryk, en bevorder aktief die werke van die duisternis (Efesiërs 5:11). Onder hulle is talle valse profete wat 'n leidende rol speel om mense te mislei (2 Korinthiërs 11:13-15; Mattheus 24:24). Die eindtydse valse profeet sal die grootste misleier wees (Openbaring 19:20).

Die hoofsaaklik geestelike stryd wat daar deur die eeue heen tussen hierdie twee koninkryke gewoed het, gaan in die eindtyd op 'n baie groot fisiese stryd op aarde uitloop. Satan gaan weer probeer doen wat hy lank gelede voor sy val in die hemel gedoen het, naamlik om homself met God gelyk te stel in 'n poging om die alleenheerser oor die heelal te word. Hierdie poging van hom gaan lei tot 'n regstreekse konfrontasie tussen twee 'christusse' – die ware Christus van God se koninkryk en die valse christus, of Antichris, van Satan se koninkryk. Oor die uitslag van hierdie oorlog kan daar geen twyfel wees nie, want Satan en sy medewerkers sal tot in die diepste dieptes van die kuil verneder word.

Ons kan kortliks kyk hoe die stryd tussen hierdie twee koninkryke verloop het, want dit sal vir ons 'n idee gee van wat ons in die eindtydse konfrontasie kan verwag. Ons lees oor Satan se uitwerping uit die hemel in Jesaja 14:12-16.

Volgens Openbaring 12:4 het Satan 'n derde van die engele in die hemel mislei om aan sy rebellie teen God deel te neem. As gevolg hiervan het hulle verander in gevalle engele wat as duiwels (demone) of bose geeste beskryf word (Efesiërs 6:12; Openbaring 9:20). Satan het bekend gestaan as duiwel (Mattheus 4:1, 10), maar daar word ook talle beskrywende name vir hom gebruik, soos die draak, die slang en die verleier van die wêreld (Openbaring 12:9).

Satan se geestelike koninkryk is gevestig in die lugruim bokant die aarde. Paulus maak gelowiges bewus van hierdie hewige stryd in Efesiërs 6:12.

Die bedeling van genade

Na die eerste koms van Christus en die vestiging van die kerk van Christus onder die nasies, het 'n totaal nuwe bedeling in God se plan vir die mensdom aangebreek. Dit is die bedeling van genade, nie van oordele nie. Dit beteken nie dat God nie meer sondaars sal oordeel nie, want die ewige dood wag nog steeds op alle onbekeerlike sondaars. Dit beteken dat daar nie meer 'n geografiese grens tussen God se volk en die heidennasies sou wees, soos in die Ou Testamentiese tyd is nie. In hierdie nuwe bedeling sou God sy seën en aanbod van vergifnis aan alle nasies rig. Die koring en onkruid sou saam in dieselfde land groei tot met die oestyd; eers dan sal die onkruid in bondels saamgebind en in die vuur gegooi word (Mattheus 13:36-43).

Gedurende die kerkbedeling word daar net 'n geestelike stryd tussen God se koninkryk en Satan se koninkryk gevoer, daarom is daar nie enige sprake van fisiese oordele nie. Ons moet God se geestelike wapenrusting aantrek sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel. Deur geestelike wapens soos geloof, gebed, die Woord, die bloed van die Lam en die woord van ons getuienis, voer ons stryd teen die bose magte. Dit gaan nie so bly nie, want hierdie twee koninkryke gaan fisies geopenbaar word en hulle kan nie terselfdertyd langs mekaar bestaan nie. Dit sal na 'n groot konfrontasie lei, want die een sal vir die ander moet plek maak.

Die groot oorwinning

Tydens die hoogtepunt van die slag van Armagéddon sal Jesus Christus na die aarde terugkeer om die goddeloses te oordeel, die oorblyfsel van Israel te red, en sy nuwe, Christelike wêreldorde op aarde te vestig. Die twee leiers van Satan se koninkryk sal lewend in die vuurpoel gewerp word, en die duiwel self in 'n put gebind word (Openbaring 19:20; 20:1-3).

Dit sal nog nie die einde van die stryd tussen God se koninkryk en Satan se koninkryk wees nie, want na die duisendjarige vrederyk van Christus sal die duiwel vir 'n kort tydjie losgelaat word. Hy sal dan daarin slaag om 'n ontelbare menigte op aarde te mislei om saam met hom 'n aanval te loods op Jerusalem as die hoofsetel van God se koninkryk (Openbaring 20:7-10). Die vyande sal deur vuur uit die hemel verdelg word. Hierna sal die tweede opstanding en die eindoordeel plaasvind, wanneer die duiwel en al sy misleide volgelinge in die poel van vuur gewerp sal word.

Dit is onbegryplik hoedat 'n menigte mense wat in die vrederyk die seën en voordele van Christus se regering ervaar het, nogtans slagoffers van Satan se misleiding sal word. Dit bevestig maar weereens die feit dat selfs in die beste en mees vreedsame samelewings daar baie mense is wat nie waarlik weergebore is nie, hoewel hulle met die Christendom assosieer. Hulle het as meelopers of naamchristene net 'n gedaante van godsaligheid en wanneer hulle getoets word, ontbreek daar 'n ware geloof by hulle.

Is jy werklik 'n lid van Christus se koninkryk, en is jy gereed vir die groot einddrama wat homself binnekort gaan afspeel? Net dié wat gereed is, sal saam met die Bruidegom vertrek.

Bron:

Die stryd tussen die twee koninkryke. Prof. Johan Malan. (Augustus 2011). (Beskikbaar by www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Tweekonings.htm)

VOLHARDING IN MOEILIKE TYE

Geskryf deur: Tannie Henria Stolper

Toe ek op skool was, het die woord 'Volhard' op my kleurbaadjie gepryk en ons skoollied het afgesluit met die woorde: "Volhard, volhard en oorwin!" My woordeboek omskryf die woord volhard as: "Tot die einde toe volhou, aanhou, deurdryf, standvastig bly." Volharding in moeilike tye beteken dus om standvastig of onwankelbaar te bly, ook al gaan dit baie sleg. Dis soos 'n oorwinning.

In die Bybel lees ons van Job wat staande gebly het gedurende die tye toe hy intense emosionele, fisieke en geestelike pyn ervaar het. Hoe het hy die oorwinning behaal? Wat leer ons daaruit en hoe gaan jy so iets regkry?

Job word in die Bybel deur God self geteken as vroom, opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad (Job 1:1,8; 2:3). Die Here het hom met gesondheid, besondere rykdomme en 'n groot gesin geseën. Wanneer Satan egter beweer dat Job God dien omdat hy so deur God 'bederf' word, gee God Satan toestemming om Job se besittings weg te neem, sy kinders dood te maak en later selfs sy gesondheid aan te tas. God is seker daarvan dat Job ten tye van ellende steeds standvastig gelowig sal bly.

Emosionele pyn

Die uiters betrokke en liefdevolle vader Job ontvang die boodskap dat al sy kinders tydens 'n ongeluk gesterf het en sy besit geroof is. Wat 'n vreeslike Jobstyding en verskriklike smart! Watter emosies oorspoel 'n ouer wat sulke nuus moet verwerk! Hoeveel pyn sou dit by Job en sy vrou veroorsaak het? Hoe groot moes die smart en gemis tog gewees het! Die rykste man in die Ooste was in eensklaps so arm soos 'n kerkmuis en van al sy kinders beroof.

Hoe reageer Job op die situasie noudat sy hart aan flarde is en hy die skynbaar sinlose lewe sonder sy kinders in volslae armoede moet voortsit? Hy bely sy geloof in God wat gegee het en ook die reg het om te neem. Hy loof selfs die Here Wie se besluite vir hom volstrek geen sin maak nie. Hy weet dat hy steeds op sy God kan staatmaak en met sy emosionele verdriet na Hom toe kan bly vlug.

Fisieke pyn

Dan gebeur daar egter iets met Job self. Hierdie man wat reeds soveel smart moet dra, word siek deurdat swere sy hele lyf oordek. Hy gaan sit buite, omdat die stank wat van hom af kom, ondraaglik is en hy homself met 'n potskerf kan krap. Sy vrou wat die regverdigheid en opregtheid van haar man goed ken, dink dat God uiters onregverdig is. Sy raai hom aan om God vaarwel te sê. Job volhard egter in sy vroomheid en betig haar oor haar dwase woorde. Job is bereid om alles wat God gee, van Hom aan te neem en Hom steeds te prys.

Terwyl etterende wonde sy verrottende liggaam oordek en hy gebuk gaan onder swaar fisieke pyn, vervloek hy sy geboortedag in die teenwoordigheid van sy drie vriende. Tog hou hy steeds vas aan sy God uit Wie se hand hy sy sinlose lot ontvang.

Geestelike pyn

Sy drie vriende is van mening dat die ellende Job getref het omdat dit dien as straf op een of ander verborge sonde. Job hou egter vol dat hy opreg voor God gewandel het en nie 'n skynheilige lewe gelei het nie. Hy kan egter nie sy vriende van sy onskuld in dié opsig oortuig nie.

In hierdie vreeslike moeilike periode is dit slegs sy vrou en 3 of 4 vriende wat hom bystaan, maar geeneen van dié bied troos nie. Sy vrou soek die oorsaak van die smart by God en sy vriende soek dit by Job self. Job weet egter voor sy siel dat hy nie onopreg in sy godsdiens was nie. Die Satan gebruik elkeen van die omgee-mense – wat met die beste bedoelings kom raad gee – om Job oor te haal om sy God los te laat. Daardeur ervaar Job diep geestelike pyn terwyl hy worstel om die sin van sy smartlike toestand in te sien. Tog klou hy vas aan sy hemelse Vader op wie hy onvoorwaardelik vertrou en hy beroep hom op die (Ver)losser wat leef. Die losser moet sy saak by God bepleit en vir hom sorg dra.

Christus

Job is 'n voorafbeelding van Jesus Christus wat soveel meer smart gedra het deurdat Hy onskuldig aan 'n kruis genael is en totaal en al deur almal verlaat is. Die omstanders het Hom aangespoor om van die kruis af te kom, om te sien of God behae in Hom het. Sy hemelse Vader het Hom verlaat en totaal en al aan sy eie lot oorgelaat. In Jesus se diepste smart het Hy Homself op sy Vader beroep met die woorde: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Job het homself op dié (Ver)losser beroep wat reeds kort na die sondeval aan Adam en sy nageslag belowe is. Job het daardeur bely dat hy die krag buite homself in sy (Ver)losser soek deur Wie hy in staat was om in die geloof te volhard. Die Losser sou immers die prys vir God se kinders betaal om hul onberispelik voor God te stel en hulle deur sy Gees die ewige lewe skenk.

Die geheim

Wat was die geheim van Job se volharding in die emosionele, fisieke en geestelike pyn wat hy elke oomblik van elke dag ervaar het? Die geheim was dat hy soos 'n drenkeling aan sy God, sy Redder vasgeklou het. Niks het vir hom sin gemaak nie; God se optrede was vir hom 'n raaisel. Tog het hy nie 'n oordeel oor God probeer uitspreek nie; nie as regter voor God gaan staan nie, maar vertrouend aan sy Vader vasgehou.

Maak dit nou van Job 'n super gelowige? Moet elkeen van ons nou strewe om soos Job te wees? Wie van ons is in staat om te midde van soveel leed steeds aan ons Skeppervader vas te hou? Is dit nie ons natuurlike aard om God juis voor stok te kry wanneer slegte dinge in ons lewe gebeur nie? Ons dink mos dikwels dat God ons iets 'skuld' omdat ons gelowige kinders van Hom is en gereeld godsdienstige handelinge verrig. Amper iets soos: Hoe durf God my so behandel, terwyl ek . . .

Dank die Here dat Hy vir ons die boek Job gegee het, want daardeur verkry ons dieper insig. Terwyl Satan vir God uitgedaag het in verband met Job, het God geweet dat Job nie sou struikel nie, omdat God die oorsprong en brandstof vir sy geloof was. God se Gees het ook reeds in die Ou Testament die geloof gewerk en in stand gehou. God beroep Homself dus as't ware op sy eie werk in Job en weet dat sy werk in Job die waarborg vir Job se volharding is.

Voorafbeelding

Daarin was Job ook 'n voorafbeelding van Jesus Christus wat tot in die dood aan sy Vader trou gebly het en alles van God verwag het, al het God Hom verlaat. Geen enkele woord van verwyt het oor Jesus se lippe gekom nie en terwyl Hy bloedsweet in Getsemane gehad het, het Hy steeds gesê: "Soos U wil, my Vader."

Lesse

Wat leer ons uit die boek Job? Eerstens dat God nie deur ons tot verantwoording geroep mag word nie, omdat Hy die soewereine Koning is. Tweedens dat ons in emosionele, fisieke en geestelike pyn altyd op God kan reken. Hy sal die goeie werk (geloof) wat Hy in ons begin het voleindig tot op die dag van Jesus Christus (Filippense 1:6).

Is laasgenoemde 'n outomatisme? Nee, beslis nie! Wanneer God 'n getuigskrif van Job in hoofstuk 1 en 2 gee, word Job beskryf as iemand wat in 'n lewendige verhouding met sy Skepper gestaan het. Hy was 'n man wat die krag van gebed geken het en die verwoestende effek van sonde besef het. Hy het gereeld vir sy kinders gebid omdat hulle "miskien gesondig het" (1:5). Hy het soos 'n priester voorbidding gedoen, omdat hy geweet het dat die heilige God ook 'n heilige lewenswandel van sy kinders eis en nie een mens van nature in staat is om so te lewe nie.

Geloof is 'n geskenk van God wat die Heilige Gees deur die evangelie in ons harte werk (Johannes 6:29). Goeie prediking, persoonlike bybelstudie en gesprekke oor die Woord van God dra by tot geloofsgroei, geloofsvolharding en 'n God-vererende lewenswandel. Ons het dus daaglikse voeding nodig om trou aan ons God en Vader te bly.

Lyding is deel van elkeen se lewe so lank as wat ons op hierdie sondige wêreld is. Volharding ten

tye van lyding is iets wat God deur sy Woord en Gees gee. In Job het God bewys dat die krag van Jesus Christus se offer en die saligmakende werk van die Heilige Gees sy kinders selfs in die swaarste beproewing staande kan hou (Romeine 8:39).
Is ons bang vir lyding wat emosionele, fisieke en geestelike pyn teweegbring, of sal ons dit as 'louter vreugde' bejeën (Jakobus 1: 2-4)? God gebruik lyding tot heiligmaking sodat ons die einddoel kan bereik (1 Petrus 1:7-9). Laat ons daarom nie ophou om God vir dié genadewerk in ons te bid nie.

Bronne:
- Zo Rijk Als Job (1987). Dr C. Bijl. Uitgeverij van den Berg

HOEKOM? HOEKOM EK? HOEKOM ALWEER EK?

Geskryf deur: Charmaine de Bruijne

"Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God, glo ook in My." (Johannes 14:1)

Job is seker een van die persone wat die heel meeste lyding en seerkry in sy lewe ervaar het. Hy het dan ook vir God gevra hoekom juis hý hierdie lyding moet ervaar. Mag ons God tot verantwoording roep wanneer daar slegte dinge oor ons pad kom? Of moet ons dit maar net aanvaar?

Daar gebeur elke dag nuwe dinge in ons lewens, en baie daarvan kan ons nie verstaan nie. Ons kan nie verstaan hoekom God sulke vreeslike dinge op ons paaie gooi nie. Maar God sê in sy Woord dat ons ons kommer aan Hom moet oorlaat en nie twyfel nie, want Hy gee aan ons krag om die dinge te kan aanvaar en te verwerk op 'n latere stadium. Hy het ons gered en skenk aan ons sy ewige genade en liefde, omdat ons sy kinders is. Hy wil ons op só 'n mate wys dat Hy groter is as al ons probleme, Hy wil hê dat ons op Hom alleen moet fokus, en nog nader aan Hom moet leef. God soek sy kinders altyd naby aan Hom.

Is dit verkeerd om 'hoekom?' te vra?

"Die wat op die Here vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid." (Psalm 125:1)

Ons as mens kan nie bevraagteken hoekom sekere dinge met ons gebeur nie. God het 'n doel met elkeen van ons lewens waarvan net Hy weet. Hy lei ons paadjies totdat ons kan weet wat ons einddoel is, en saam met God sal ons ons eindbestemming bereik.

Ons kan nie teen sy wil ingaan nie. As ons dit sou kon doen, sou ons alles gehad het wat ons harte begeer en dan sou God definitief nie heel bo aan ons lysies gewees het nie. God is 'n jaloerse god; Hy wil hê dat sy kinders na Hom moet luister en aan Hom gehoorsaam moet wees. God bring swaar en moeilike dinge oor ons pad om ons te laat besef hoe groot en goed en almagtig Hy werklik is.

Hy wil hê dat ons sy Woord moet lees, elke dag, want sy Woord is 'n lamp vir ons voete en dit gee lig op ons daaglikse pad (Psalm 119:105). God gee nie alles vir ons waarvoor ons vra nie. Deur baie toewyding en versterking van ons geloof sal Hy sien dat ons dinge vra, maar Hy gee aan ons alles wat ons nodig het om te kan leef.

God is ons Herder; as Hy sien dat een van ons die pad byster raak en een van ons dwaal van die pad af, sal Hy struikelblokke op ons pad stel, sodat ons kan besef hoe sondig ons is en kan terugkeer na Hom, ons veilige vesting: daar waar ons hoort. Hy alleen is ons Redder en Hy bewaar ons.

Aanvaar die dinge op jou pad, en wees optimisties

Verwag die Heer en wees net stil. As God een deur toesluit sal Hy 'n volgende deur oopmaak. Maar ons moet aanhou loop totdat ons uiteindelik uitkoms vind, waar ons net by God kan wees en waar ons die lig van die Heilige Gees wat in ons harte woon, na buite kan straal. Ons hoef nooit méér te dra as waartoe ons in staat is nie. Weet net altyd dat God ons innig liefhet, en dat daar 'n uiteinde is vir elkeen van sy kinders wat hoop en bly vertou op Hom. Hy is alles wat ons nodig het om elke dag gelukkig te kan wees. Ons moet streef om soos Hy te wees, en ons moet raaksien wat Hy

in ons lewens probeer verrig. Want God seën die regverdiges en die ootmoediges van hart. Hy het jou lief; jy is sy kind.

God skenk aan ons krag en sterkte.

My eenvoudige gebed aan jou is dat jy sal ophou soek na antwoorde en die wil van God sal nastreef. Sien hoe die Here, die bron van liefde, liefde oor elkeen van ons bring.

"Want U is my lamp, o Here! En die Here laat my duisternis opklaar." (2 Samuel 22:29)

Die Olielamp

gereformeerde jeugblad

Gedrukte Weergawe: R110
PDF Weergawe: R55
Kontak: olredaksie@gmail.com

Kry elke maand 'n gereformeerde siening op alle aktuele sake . . .

of wil jy self skryf? Kontak dan:
olredaksie@gmail.com

WHY ME?

Geskryf deur: Marcia Ros

Vensters breek, mure kreun en 'n huis skeur uitmekaar. 'n Ma staan verslae, haar arms leeg. Die wind was net te sterk…

'n Vliegtuig vol met niksvermoedende passasiers disintegreer; swart en gebroke val dit terug na die aarde. Die konvooi van swart motors kruip stadig nader terwyl hul geliefdes grafstil toekyk.

Elke asemteug is 'n stryd deur die pyn. Die vermoeienis en lyding is duidelik afgeëts in die lyne op die maer gesig. Die gesig gloei, styf druk die benerige hand myne en saggies rol die woorde van sy tong af:

"Hoekom gebeur dit met my?"

As Christene is ons nie verhewe bo die lyding van elke dag nie. Ons hoef slegs om ons te kyk om die verlies en hartseer in elke dag te sien. In onsself, in die wêreld. Maar as die wêreld ly, dan het ons dalk nog 'n antwoord: dit is die gevolge daarvan as mense hulle rûe op God draai. Hoe antwoord ons egter die vraag as ons of 'n mede-Christen dit vra? Waarom ly ons terwyl ons God so getrou moontlik probeer dien?

Ons draai dan na Job. Binne die kortste tye word alles van hom af weggeskeur. Al sy vee geplunder of verwoes, sy kinders verpletter onder die mure van hul huis en Job self word oortrek met sere wat selfs sy vrou sover bring om te sê: “Seën God, en sterf!”

Dit sou maklik wees om op Job te bly fokus. In hul gesprekke blyk dit deurgaans dat sy vriende glo dat die smarte die resultate is van sy eie sonde terwyl Job sy onskuld voorhou. Later begin Elihu aan die gesprek deelneem omdat hy kwaad geword het vir Job omdat dié homself probeer regverdig i.p.v God.

> “Wee hom wat met sy Formeerder twis – ‘n potskerf by erdepotskerwe! Sal dan die klei sê aan die wat dit vorm: Wat maak jy?” (Jesaja 45: 9a)

Hier breek die eerste straaltjie lig deur om vir ons die kern duidelik te maak. Job is nie die fokuspunt van die boek nie, maar God.

Ten einde laaste praat die HERE self met Job. Hy gee egter ook nie ‘n antwoord op Job se vraag nie. Inteendeel, Hy openbaar sy almag en wysheid. In hoofstuk 40 vra God van Job ‘n verduideliking van die heelal en al die wonders daarin. Wanneer Job dan gekonfronteer word met die Almagtige, besef hy sy eie kleinheid en smeek om vergifnis.

Die besef waartoe hy kom, is dat ons as nietige skepsels nie verduidelikings van God mag eis nie. As ons waarlik glo dat God die Almagtige is en dat Hy doen wat reg is, dan lê ons onsself ook daarby neer, want God is genoeg. Hy is die fondasie. As alles weggeruk word en ons fondasies word blootgelê – wat sal ons vind?

As ons weet dat God in beheer is van die heelal, mag ons onsself ook verbly in die lyding wat ons ervaar, “omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.” (Romeine 5: 3b-5)

WAT AS ONS VRIENDE TEEN ONS DRAAI?

Hoe hanteer ons groepsdruk?

Geskryf deur: Christine Lubbinge

Job se vriende het teen hom gedraai in die tyd wat dit die slegste met hom gegaan het. Hy kon gedoen het wat hulle vir hom gesê het om te doen, maar Job het bly vashou aan sy geloof in God.

Hoe sou ons in so ‘n situasie optree?
Is om in te pas en aanvaar te word al wat saak maak? Waar trek ‘n mens die streep om aanvaar te wil word? Wat is die belangrikste: om deur mense aanvaar te word of deur God?

Die oorsprong van groepsdruk
Om hierdie vrae te kan beantwoord moet ons eers vasstel wat die oorsprong van groepsdruk is. Dit is naamlik die behoefte om te behoort en aanvaar te word.

Die Here het immers vir die mens ‘n vrou geskep wat by Hom pas aangesien Hy gesê het dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie (Genesis 1:18).

Sy is die mens se gelyke, iemand wat hom help, 'n maat en vertroueling. 'n Plek waar die mens kan veilig voel.

Nie lank nadat die mens die geborge gevoel gekry het nie, wek die duiwel die vrees vir verwerping in die mense. Ons sien dit in die verhaal van Kain en Abel (Genesis 4). Die Here verstaan egter sy kinders se soeke na aanvaarding en gee daarom ook aan sy volk 'n stel reëls by die uittog uit Egipte. In Eksodus 23:2 gee die Here aan sy volk die opdrag om nie agter die meerderheid aan te gaan deur te doen wat verkeerd is nie.

Buig of brand

God weet egter dat sy kinders in tye van nood maar te gewillig sal wees om aanvaarding en selfs aansien in die wêreld se oë te kry. Daarom staan ons dan ook voor 'n keuse: buig of brand, soos Daniël se drie vriende in Daniël 3:15. Hulle swig nie onder groepsdruk nie en buig nie voor die koning se beeld nie. Wanneer die koning hulle met die brandende vuuroond en dus ook die dood dreig, swig hulle steeds nie, maar glo en vertrou vas dat die Here hulle uit die brandende vuuroond en die koning se mag kan red, en hulle skroom ook nie om dit vir die koning te sê nie.

In Mattheus 16:24-25 vertel die Here dat geloof nie sonder koste is nie en dat almal wat in Hom wil glo hulle kruis moet opneem en Hom moet volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor, en dié wat sy lewe verloor om God se ontwil, sal dit behou.

Watter keuse maak jy?

Watter keuse maak jy wanneer jou vriende jou in die vuur wil gooi? Luister jy na hulle verkeerde raad of is jy bereid om te 'brand'? Wat is jou reaksie? Veg jy of bly jy weg? Jy is nie alleen nie; daar is ontsettend baie jongmense wat groepsdruk ervaar en onder die druk swig.

Ons mag egter nie probeer om moeilike situasies te vermy nie! Die Here gee vir ons die regte toerusting om terug te veg, naamlik sy Woord (Psalm 119:9). Die Heilige Gees leef ook binne-in ons, wat ons vul met krag, liefde en selfbeheersing (2 Timoteus 1:7).

Hoe beveg jy groepsdruk? Met liefde en selfbeheersing. God is genadig en wanneer ons foute maak en swig, gee Hy ons nog 'n kans (Mattheus 26:69; 16:18). Die uitdaging bly steeds om jou geloof in dade te laat oorgaan. Is jy bereid om op te staan vir wat reg is?

Praktiese wenke om slegte groepsdruk te hanteer

1. Haal asem: jy hoef nie dadelik te antwoord nie.
2. Soek die regte woorde: sê wat jy daarvan dink.
3. Dink: watter gevolge hou jou optrede in?
4. Vra: wat kan ons eerder doen?
5. Loop weg: moenie jou vriende kritiseer nie, maar stap net weg.

DIE MENS SE STATUS IN DIE WÊRELD

Geskryf deur: Jolanda Hoving

Hoe moet ons as Christene in vandag se wêreld optree?

Daar is verskeie gedeeltes in die boek Job wat direk vir ons `n riglyn gee.

Ons kyk eerstens na Job se gesprek met sy vriend Bildad. In Job 18:5-21 vertel Bildad `n verhaal oor hoe dit gaan met iemand wat die Here nie erken nie. Die gedagte was baie duidelik dat Job homself in hierdie verhaal moes herken. Die gedagte was dat hy die volgende moes besef: "Ek is daardie man, laat ek myself dadelik bekeer." Maar die verhaal het 'n totaal ander uitwerking op Job: Job is stomgeslaan. Ja, dit sou waar gewees het as hy inderdaad in die geheim 'n misdaad begaan en daarmee God se toorn opgewek het. Maar met

al sy foute en gebreke was Job oortuig dat hy ‘n kind van God was. Daarom kan hy, ná Bildad se verhaal, net een gevolgtrekking maak: “Ek kry inderdaad die straf van ‘n goddelose, maar dit maak nie sin nie.” Dit pla Job geweldig dat as hy nou sou sterf, Bildad se verhaal die wêreld sou ingaan as die waarheid. En dat almal dan tot die volgende konklusie sou kom: “Job het eenvoudig gemaai wat hy gesaai het.”

Is dit ook hoe ons voel oor die beeld wat ons uitstraal? Is dit ook ons strewe om onsself as Christene rein en skoon te hou, soos wat God van ons vra?

By wie vind ons troos en by wie bid ons om krag, in `n wêreld vol van moeite en druk? Hoe handel ons as Christene teenoor die heidene wanneer daar swaarkry is? Tree ons op soos Job deur te volhard al is hy versoek en beproef deur die duiwel? God het hom immers nooit verlaat nie.

As God ons aan ‘n toets onderwerp, gebeur dit nie hard en meedoënloos nie. Inteendeel, die Here is vol medelye en ontferming. Ook wanneer Hy swaarkry oor ons pad plaas, bly Hy met ons lot bewoë. Hy is daar in ons moeites en Hy soek net die beste vir ons.

God se seën

Job het die beproewing deurstaan. Ja, hy het volhard in die Here en dan seën die Here hom ook. Na afloop van Job se beproewing en volharding en nadat hy die proef end-uit deurstaan het, het alles ook reggekom. Ja, dit het selfs beter geword as wat dit vroeër was. Toe God met oortuiging gewys het dat sy herskeppingswerk in Job die proef kon deurstaan, het Hy ook die lot van Job verander. Die lyding van vroeër kan nie opweeg teen die heerlikheid wat daarna oor Job gekom het nie!
Vandag kan ons dus troos daaruit kry dat, al sien ons nie uitkoms nie en al lyk die toekoms hoe bleek, God ons Redder en Trooster altyd daar is vir ons. Hy is daar om sy kinders te beskerm teen die bose. In `n tyd vol boosheid en wêreldse invloede kan ons terugkyk na die boek Job en mag ons troos vind dat God vol medelye en ontferming is en dat God in beheer is van elke aspek van ons lewens.

Ons mag God nie tot verantwoording roep nie

Job het probeer verstaan wat met hom gebeur en wat die rede daarvoor mag wees. Dit is dan wanneer God hom teregwys en in Job 38: 4 vir hom vra: “Waar was jy toe ek die wêreld gegrond het? Gee te kenne as jy insig het.”

Net soos Job geleer het dat ‘n nietige mens God die Here nooit ter verantwoording kan roep nie, so moet ons ook weet dat ons `n almagtige en alwetende Here dien. Wie is ons om sy dade te bevraagteken? Ons moet as volg kyk na ons lewe hier op aarde: Ons is hier om God te dien en eer en Hy is in beheer. Hy volg sý wil, en doen wat vir Hom reg is. Dus is dit goed.

Al is ons tegnologie hoe gevorderd en al dink ons dat ons wetenskap die antwoord het vir alles, sien ons in Job hoe klein en nietig die mens eintlik is en dat ons maar net stof is. Alles wat ons het is genade van Bo. Job het ook geweet sy welvaart is nie uit verdienste nie, maar alleen uit genade. Die Here het gegee, die Here het geneem! Hy kan alles van jou af wegneem. Maar dan is Hy nog steeds daar vir jou.

Maar Job het dit wat hy opgebou het, nie net ontvang sonder om te werk nie. Nee, hy het hard daarvoor gewerk en dit het groot inspanning gevra. En tog, as Job in die aand buig voor die aangesig van die Here, slaan hy nie homself op die bors nie. Hy erken dat dit genade is en gee aan God die eer. Ons werksgeleenthede, ons talente, ons inspanning en ons sukses: dit alles is ‘n geskenk van God. Ons moet dit besef en so moet ons ook ons lewens inrig hier op aarde. Ons moet alles doen tot eer van God en ons moet ons oorgee aan sy genade. Ons moet vas vertrou dat Hy ons sal lei en beskerm in ons lewens hier in hierdie sondige en ellendige wêreld, net soos wat Hy vir Job bygestaan het.

10 000 REASONS

Geskryf deur: Ilse Drijfhout

In Augustus was ek vir twee weke op ‘n projek van SHIB (Stichting Hulpverlening Internationaal Barneveld). Jetze Baas het in Februarie ‘n sprekersaand oor die werk van SHIB in Suid-Afrika by ons kerk gehou, en ek was baie entoesiasties om deel te neem! Natuurlik hoop ek dat daar in die toekoms meer soortgelyke projekte mag kom waaraan ons kan deelneem, en ek hoop om ander mense te oortuig om ook deel te neem.

Die volgende is die verslag wat ek in opdrag van my skool geskryf het: dit was die voorwaarde vir my om deel te mag neem aan die projek. Dit was voluit die moeite werd gewees; sterker nog, dit was veel meer werd gewees! Nou word dit gepubliseer in die Olielamp. Ek weet nie of jy belangstel om dit te lees nie, maar as jy doen: dankie! Jy begin met ’n belewenis wat jy nie kan beleef nie. Dit is te groot, te indrukwekkend en te besonder om oor te dra deur woorde of foto’s. Sonder om te wil spog kan ek sê dat ek die een is wat die voorreg gekry het om dit te ervaar, en nou die voorreg het om dit met jou te deel. Jy skrik seker van die groot lappe teks en jy kan maar verder blaai om net die foto’s kyk, maar dan mis jy uit. Dit is nie sommer ‘n reisverslag van ‘n vakansie waarvoor ek twee weke skool gebank het nie. Dit is die rykdom wat ek in twee weke gekry het. Ek hoop ek kan jou ‘n idee gee van hoe dit was.

Die SHIB jeugreis Augustus is amptelik genoem ‘10 000 reasons,’ na die bekende lied van Matt Redman. As jy dit nie ken nie is dit nogals ‘n punt om op jou to do-list vir vandag te sit, sodat jy dit kan leer ken. Hierdie lied besing al die redes wat ons het om aan God alle eer te gee en sy Naam te prys, want ons is mos geskape om vir Hom te lewe! Om te arbei in sy Koninkryk en sy liefde uit te dra, dít was my motivering om saam op hierdie projek te gaan. Natuurlik was ek ook nuuskierig oor my landgenote: die kultuur en lewe daar anderkant. Ek wou dit ook leer ken om hulle en die land beter te kan verstaan.

Dit is soms vir my moeilik om so geseënd te wees. Om soveel deur sy genade te mag ontvang: ‘n geweldige gesin, ‘n tuiste, ‘n kerk waar ek God ontmoet en Hom steeds meer kan leer ken, ‘n goeie en lekker skool, mal vriendinne en vriende met wie ek alles kan deel en bespreek, soveel talente, soveel kanse, soveel besondere mense wat ek al kon ontmoet en nog soveel meer. Soms is ek vies vir die rykdom, want in my uitsonderlike rykdom sien ek soveel mense wat soveel minder het. Wat amper niks het nie. Wat siek is, geen geld het nie, geen huis het nie, geen familie, geen gesonde verhoudings, geen veilige omgewing, wat God nie ken nie; kansloos lyk. Dit het in my die drang gewek om in aksie te kom, om uit my comfortzone te stap en die skoolklasse te verruil vir die rooigrond-velde van Reagile. God het my geseën om diensbaar te kan wees, te deel. En Hy het my planne ook geseën om dit te kan doen; voorbereidings, geldinsamelings en skoolwerk.

‘SHIB happens’

Vir die twee weke het ons verskillende projekte gehad. Elke dag het ons in vier groepe opgedeel, wat elke dag geskommel is sodat almal by elke projek uitgekom het.

Bou: Elke dag het een groep na die bouterrein gegaan en daar gewerk. Ons was onder leiding van die plaaslike span, wat aangestel is deur

die gemeente Koster. Die projek om die vervalle bierbrouery om te bou tot 'n jeugsentrum was die inisiatief van die plaaslike mense, wat 'n versoek by SHIB ingedien het om te kom help. SHIB het besluit om 'n deel te skenk op voorwaarde dat die gemeente Koster self meer fondse sou werf en self die materiaal sou aanskaf. Ook is besluit dat die jeug aktief betrokke moes wees by die planne en uitvoering. Werkloosheid is naamlik 'n groot probleem onder die jeug, wat tot gevolg het dat misdaad, drank- en dwelmmisbruik en die aantal verkragtings in Reagile toeneem. Met die jeugsentrum word daar nuwe kanse aan die jeug gebied.

Dit was mooi om saam met Reagile se mense te werk. Dit skep 'n band en ons het lekker met die mense gesels en gelag. Die bou het ook maar met val en opstaan gegaan, letterlik en figuurlik. Daar was natuurlik ook teenslae, met bv. die gebrek aan water om sement te maak, of die hele muur wat per ongeluk omgestoot is. Die aanpak word ook anders gedoen as wat ons gewoond was; ander gereedskap en metodes word gebruik en die baie onvoorsiene probleme word baie maklik opgelos. Dit was vir sommige van ons ietwat frustrerend, maar ons het aangepas by die bouspan en via 'n ander pad word dan tog dieselfde bereik! Die volgende SHIB-reis, in Oktober, gaan verder met die bouwerk, maar die nodige sloopwerk en die fondasie is gelê en 'n begin is gemaak met die messelwerk.

IHC: 'n Tweede groep het na die Immanuel Hope Centre gegaan. Die IHC is een van die vorige projekte van SHIB waarmee daar kontak gehou is en wat nou nog suksesvol loop. Die kinderopvang het uitgebrei en daar is nou ook 'n afdeling waar gestremdes opgevang word. Op die terrein het ons die vervalle speeltuin weer opgebou sodat dit weer vrolik lyk en die kinders weer veilig kan speel. Dit was harde werk om alles in die klipharde grond uit te grawe, te saag, te sny, te kap en weer op te bou. Op die derde dag het ons die speeltuin voltooi en met helder kleure is dit weer vrolik gespuit.

Die gestremdes bly nou al vir lank in noodgeboue. Toe die speeltuin klaar is, het ons ook die nuwe geboue geverf en afgerond. Dit is nie vooraf beplan nie, maar het op ons pad gekom. Dis mooi om te sien hoe God dinge op 'n mens se pad bring. Op die Sondag het 'n vrou uit die NG kerk vir ons 'n skenking van 15 liter verf en alle ander benodigdhede soos kwaste en dergelike belowe. Die blanke vrou het vertel sy sukkel baie om te help in die gemeenskap van Reagile. Die grense tussen die wit gebiede en die armer swart gebiede is nog baie sterk en sy wil graag uitreik na die mense, bande lê en waar sy kan, ook help, maar sy het net nie die kontakte nie. Die verf wou sy skenk as haar bydrae aan ons projek in Reagile. Sy het ons gevra met wie ons saamwerk en Frans het belowe dat hy haar sou aanbeveel by ons kontakte, bv. tannie Antoinette. Die verf was eintlik nie nodig nie, tot ons 'n paar dae later die versoek van die IHC kry om die nuwe geboue af te rond. Die verf is dus goed gebruik en die geboue is opgefleur met kleure, blomme en handafdrukke. Op die laaste dag het ons dan die amptelike oordrag en feestelike opening van die nuwe IHC-geboue bygewoon.

Shack repair: Ook het daar elke dag 'n groep die omgewing ingegaan om die ergste shacks te herstel. Die sosiale dienste (caregivers) wat aktief in die omgewing is, het 'n hele aantal shacks geïdentifiseer en ons het by die lys afgegaan met ons kruiwa vol gereedskap. Ek dink my onderwyser in Tegnologie van vroeër jare sal geskok wees as hy agterkom ek weet nou alles van slyptolle, houtbalke, potnaels, pikke en teertape.

Daar het gedurende ons verblyf in Reagile nog baie versoeke gekom vir herstelwerk aan shacks, maar ons het by die lys gehou. So was ons seker dat hierdie mense dit die meeste benodig het en dat dit regtig nodig was omdat die bewoners self regtig nie moontlikhede gehad het nie.

Sinkplate is vervang of aangebou; die konstruksies is verstewig met balke, spykers, potnaels; gate is met spesiale tape en skuim toegemaak, en ons het nog verskeie dinge gedoen. Soms was dit regtig 'n kwessie van improviseer en die middele gebruik wat tot jou beskikking is – al was dit nie altyd optimaal nie. Klein dinge kan so 'n groot verskil in die shacks maak, en die mense het self net nie die middele en gereedskap om dit te kan doen nie.

'n Deel van die groep vir shackrepair het elke dag saam met 'n middeljarige tuinman gegaan en by verskeie shacks langsgegaan om tuintjies aan te lê. So kan die mense 'n meer onafhanklike bestaan opbou en die groente self gebruik of in die omgewing verkoop.

Reagile was eers 'n onwettige nedersetting, maar toe die Koster-gemeente gesien het hulle kan dit nie keer nie, het hulle die grond verdeel en elke erf voorsien van elektrisiteit en water. As mense hulself laat registreer, mag hulle so 'n erf kry. Dit is dus goed georganiseer en oorsigtelik gedoen en almal het 'n eie tuin en water om 'n groentetuin te kan onderhou. Die grond is blykbaar baie vrugbaar, maar dit is klip-kliphard! Ons het met pikke en grawe en skoppe en vurke vir ure in die grond geploeter. Die vloek van Genesis is fisies baie merkbaar hier in Afrika: in die sweet van jou aangesig sal jy jou werk doen. Maar ons het! Die erwe het dan twee of drie tuintjies gekry, omgespit en afgemerk en ingesaai met onderskeidelik kool, wortels, uie of spinasie. Daar is ook goed vir die mense verduidelik hoe die tuine onderhou moet word: daagliks bevogtig en gereeld bestrooi met die as van die verbrande gras – 'n soort vervanging van bemesting.

Soms het ons by mense gewerk wat regtig die hele dag net voor hul huise gesit het en nie 'n teken van lewe of energie gewys het nie. Dit voel vreemd om hard te werk vir hulle terwyl hulle nie eers lyk asof hulle omgee nie. Hoekom die mense so is, bly die groot vraag vir ons almal: weens siekte, koue, geen kos, geen doel, luiheid, kultuur of moedeloosheid? Ons kan dit nie vir hulle besluit nie, ons kan net probeer om hulle te betrek.

En gelukkig het daar ook mense gekom om ons te help. Dit was altyd lekker om met hulle te praat omdat hulle hierdie wêreld verteenwoordig. Húlle weet – soos geen gids, boekie of beampte ooit sal kan – hoe dit is, wat die mense se verhale en geskiedenis is en hoe hulle dink. So het ek toe eers agtergekom hoe baie verskillende mense in die gebied bly, wat eintlik logies is omdat die plek nog so nuut is: vlugtelinge uit Zimbabwe en Kongo, families van plase af, van Borolello, van ander gebiede. So baie nog met die hoop op 'n beter lewe op 'n nuwe plek. 'n Nuwe plek wat maar net so armoedig en afgeleë is van die groter wêreld as die plek vanwaar hulle gekom het.

Maar dit was besonder om te sien hoe dankbaar mense kan wees! Die een man het, nadat ons saam bietjie oor koeitjies en kalfies gesels het, vertel hoe hy op jong leeftyd sy boetie en sussie op dieselfde dag verloor het aan 'n siekte; dat hy sy pa nooit geken het nie; hy sy vriendin 'n paar maande terug ook verloor het aan VIGS en hoe hy nou daagliks kelnerwerk doen om sy ma te kan versorg. Dat hy dag na dag nog opstaan en God dank vir alles wat hy het. Nou sou ek my digterminologie gebruik om hierdie as 'n paradoks te bestempel; 'n ongelooflike getuienis van God se liefde. Indrukwekkend, hulle hou jou 'n spieël voor waarin dit duidelik sigbaar is dat ons te veel ontevrede is met alles; te min gelukkig met niks. In Europa is almal opgevoed met: "Moenie kla nie; die arm kindertjies in Afrika kry baie swaarder." Ek dink nie ons moet dit gebruik om alles te relativeer nie omdat almal weer ander probleme en swaarkry op hulle pad kry, maar van hierdie mense se houding en geloof kan ons regtig baie leer. En jy sal nie glo hoe trots ek in hierdie weke was om myself 'South African' te kon noem nie: al die verskillende kleure kom saam om 'n skitterende reënboog te vorm! Die nasionalisme wat my soms so baie gepla het (en soms eintlik nog steeds pla), neem hier by my oor, dink ek.

Kinderwerk: Die laaste groep het kinderwerk gaan doen. Reagile is (soos al eerder gesê) 'n redelik nuwe woongebied. Daarom is daar nog nie baie maatskaplike en sosiale voorsienings soos skole en dergelike nie en die afstand is te groot om in ander gebiede skool te kan gaan. Daarom is die meeste kinders en jeug net die hele dag tuis. Ons het met die ouers gepraat en eintlik vinnig hulle vertroue gewen. Ons kon hul kinders dan saamvat na 'n redelik sentrale veldjie waar ons dan met hulle vir die dag gespeel het.

Dit was die eerste reis van SHIB na Reagile, so die mense was nog nie bekend met ons nie. Die eerste dag het 'n aantal moeders saamgegaan en toesig gehou, maar al vinnig was die blou hemde bekend en het die hele Reagile se kinders ons na die veldjie gevolg. Die kinderwerk moes altyd die

aand tevore voorberei word: alle liedjies is ingeoefen; die Bybelverhaal deurgegaan en die knip-en-plak-werkies beplan. Veral die saam liedjies sing was elke dag ‘n groot sukses en ek het verskriklik baie geniet van die kinders se entoesiasme en glinsterende gesiggies.

Helaas is kommunikasie maar beperk omdat die meeste nie Engels verstaan het nie, en ons Tswana, Sepedi en ander tale nou nie bepaald goed is nie. Vir die Bybelstories het ons meestal een van die ouer seuns gevra om vertaalwerk te doen en ons het die verhaal ook uitgebeeld. Die werkies was soms moeilik omdat die kinders duidelik onderontwikkelde fyn motoriese beweging het. Byvoorbeeld: ‘n potlood vashou, of kettings ryg, is vir hulle vreemd. Hulle het dus baie begeleiding nodig gehad en ons het baie eenvoudige werkies gedoen.

Dit was baie besonder om met die kinders tyd te spandeer omdat die armoede en ellende aan hulle te sien is. Dis sigbaar dat hulle min energie het en baie van hulle siekerig is. Dit wys in hul optrede en omgang met ander kinders dat sommige van hulle min liefde ervaar het en ‘n gebrek aan ‘n tuiste het. Meeste van hulle het ook geen vaders nie, want die mans kom en gaan net. Ook word hulle baie beïnvloed en getrek deur drank en gewelddadige bendes. So het ‘n seun van so 11 jaar oud ‘n Nokia-foon gehad waarop hy heeltyd musiek gespeel het. Later wys hy vir ons sy videos: ‘n man wie se kop afgesny word; ‘n groep swart seuns wat ‘n blanke man inmekaar skop en ‘n blanke man wat ander skiet met ‘n geweer. So skokkend! Ons het al die beeldmateriaal verwyder, maar dit keer nie die invloed wat dit op die seuntjie gehad het nie!

As ‘n mens dan daar in die veldjie sit, as ‘n mens die kinders om jou sien speel en jy dink aan hulle, dan wil ‘n mens net begin huil. Ek wou. As jy weet van die 15-jarige meisie wat vir R5 as prostituut werk omdat sy nie ander moontlikhede het nie. As jy weet van die seuntjie van 10 jaar oud wat al klaar met ‘n drankbottel rondloop. As jy weet van die jeug wat smag na liefde en erkenning en dit waarskynlik nooit sal vind nie. As jy weet van die meisies wat elke maand ‘n paar dae nie skool toe kan gaan nie omdat hulle geen basiese toiletartikels het nie. As jy weet van die alleenma wat haar seuntjie van sewe jaar oud geen toekoms kan bied nie – hoe sy ook probeer. As jy weet van die ses kinders wat deur hul ma gelos is omdat sy skaam was oor die HIV-positiewe toetse. As jy weet van die moedelose man wat al twee maande lank probeer om werk te kry. Om te weet maak seer. ‘n Mens kan so verlang, want Reagile sug! Maar gelukkig ken ons die einde van die wêreld se (hi)storie:

“En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.” (Openbaring 21: 3-5)

Die afsluiting

Maar die klimaks en hoogtepunt was die afsluiting van ons werk hier: ons het in groepe met een van die caregivers saamgegaan in hulle wêreld. Ons het verskillende shacks (waar ons herstelwerk gedoen het) besoek en die vrou het dan vir ons die geskiedenis en agtergrond van die bewoners vertel. Ons het ook die geleentheid gekry om al ons vrae van die afgelope twee weke aan haar te stel en sy het as tolk opgetree sodat die gesprekke in volle begrip kon plaasvind. Dit was nog die mees besondere van die hele reis en die persoonlike stories het baie meelewe en respek opgeroep. Aan die einde

van ons besoek het ons saam gesing en afgesluit in ‘n kringgebed. Almal het in hul eie taal gebid vir die mense, vir seën oor die werk, vir hoop en uitsig, vir Suid-Afrika en vir ons almal saam. Ook gedank; gedank omdat ons tienduisende redes het om dankbaar te wees: vir die indrukwekkende ontmoetings en gesprekke, vir geloof, vir genade en vir hoop!

‘n Blywende verandering

‘n Blywende verandering is ‘n groot omskrywing. Is dit so en het ons die reg om ons werk so te omskryf? Dis soms moeilik om die verskil wat ons wil maak, raak te sien. Een jeugsentrum, een speeltuin, drie klaskamers vir die opvang van gestremdes, twintig huise en dertig/veertig kinders waarmee ons gewerk het. Dit lyk so min, en die probleem is so groot; dit kan ‘n mens sommer moedeloos maak! Tog het ons op ons reis ook verskeie van die vorige projekte besoek waar SHIB betrokke was: die Immanuel Hope Centre en die skool van Antoinette is goeie voorbeelde waar die werk baie vrugte gedra het. Antoinette is nou onafhanklik en toe ons by die skool gekuier het, sien ons dat sy self inisiatief geneem het en nou ook besig is om twee nuwe klaskamers aan te bou. Dis mooi om dit te sien: dis juis die idee om hulle ‘’n visstok te gee sodat hul self vis kan vang’, soos ons toerleier seker drie keer ‘n dag beklemtoon het.

> “Wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.” (1 Korinthiërs 15: 58)

Ons kan nie sien of die jeugsentrum ook regtig sal bydra tot die afname in kriminaliteit, dwelm- en drankmisbruik en verkragtings, soos die idee is nie. Tog glo ek dat die werk wat ons doen, geseën sal word. Elke hand wat uitsteek om te help, dra tog by tot verandering. Dit strek ook verder as net die fisiese verandering van lewens en kanse wat mense se toekoms kan verander. Mense soos dokter Neil, priester Noa en die predikante van die kerke wat ons besoek het, het ons baie keer verseker dat ons meer doen as wat ons self besef. Net die feit dat die kinders en die mense spesiaal voel onder ons aandag, die wete dat ‘n hele groep ‘ryk blankes’ hul tyd en geld opgeoffer het om hul te kom besoek. Dit vorm hulle wêreld en hulle beeld van blankes, van ryk mense, van buitelanders.

Re aga tempele ja Jesu: Ons bou aan die tempel van Christus.

Een van die manne het dit by die opening van die IHC ons ‘gemeenskaplike volkslied’ genoem. En dit is ons gemeenskaplike volkslied wat ons almal saam gesing het; kinders en oumense, wit en swart, Afrikaners en uitlanders en selfs die ouer jeug wat eers maar onwillig was om hierdie kinderliedjie saam met ons te wil sing. “Ons bou aan Christus se koninkryk. Dus seuns, dogters: kom ons help!”

Naskrif

Ja, hier eindig my verslag dan ook. Dit was vir my moeilik om dit te skryf. Ek het soveel om te vertel, soveel om te deel! Die tipiese ‘dag-na-die-projek’ was nie ‘n dag van heimwee nie, nie eers ‘n kultuurskok nie: ek was net moeg en vol. Vol en ryk aan indrukke, ervarings, woorde, stories en emosies. Ek het meer gesien as wat ek kan onthou, maar ek onthou nog veel meer as wat ek gesien het. Ook om dit alles met ‘n ‘super chille’ groep Nederlanders te kon doen was verseker ‘n bonus! Ons het goeie en ernstige gesprekke gehad, maar ook geweldig saam gelag.

Dit was en is ‘n gesukkel om aan mense te vertel hoe dit was: “baie besonder” was eintlik al waaraan ek kon dink. Gewoon omdat daar veels te veel is, sodat ek nie eers weet waar om te begin nie! Maar ek dink hierdie verslag gee tog ‘n beter antwoord op die vraag: “Hoe was dit?” Dit was een groot deurmekaarspul in my boonste kamers: ‘n te veel aan onuitgesogte herinneringe en emosies. En baie dinge is teenstrydig; baie dinge van die land en sy mense kan ek nou beter verstaan, maar baie dinge is en bly ook net onverstaanbaar. Maar bo alles is ek dankbaar vir die geleentheid wat ek gehad het om daar ‘n verskil te kon maak, hoe klein dit ook al lyk as ‘n mens die geheel van ‘n afstand af bekyk. Dankbaar, dat ek God ook in die ellende daar kon raaksien, vir die geloof wat die mense het en die lewende hoop op God se beloftes, wat ons mag uitdra. Vir solank as wat ek leef, getuig ek van sy liefde!

Om tienduisend redes...

MEER AS NET HUISE BOU...

Geskryf deur: Hilbert Lubbinge

Baie van julle onthou seker die praatjie wat Jetze Baas vroeër die jaar hier gehou het. Die praatjie van 'n Nederlandse organisasie wat hier in Suid-Afrika in arm gebiede saam met die gemeenskap van die arm gebied, huise kom bou. Ek is seker baie van julle sou ook graag deel wou neem aan die projek, maar dat geld en tyd 'n groot faktor gespeel het en verhoed het dat dit 'n moontlikheid word.

Ek dank die Here dat Hy my die tyd en geld geskenk het om wel hierby betrokke te kon wees. Dit was werklik twee weke van my lewe wat ek nooit sal vergeet nie. Dit is waarskynlik, tot dusver, die beste twee weke van my lewe. Ek was eers benoud oor wat die twee weke presies sou inhou, maar rondom dag drie het ek begin wens die twee weke moet nooit stop nie.

Die struktuur wat ons begin bou het is bedoel om 'n jeugsentrum te wees. Die sentrum word omskep vanaf 'n vervalle drankwinkel, en ons het gehelp met sloopwerk, grawe van die fondasie van die gedeelte wat hulle daar wil aanbou, asook die lê van die fondasie-stene. Ook het ons die mure van 'n sentrum vir gestremde kinders geverf en shacks in die plakkerskampe help regmaak. Maar wat ons vir die twee weke als gedoen het was meer as net 'huise bou'...

Die SHIB-mense wat daar was het gekom uit liefde vir God, hul medemens en Jesus. Ons het dan ook elke oggend om 5:30 opgestaan om teen 6:00 goeiemôre-gesprekke te kon hou. Dit bestaan uit die lees van Bybelstukke, bespreking daarvan, bid en dank en ook vrae met toepassing op wat ons sover als gedoen het na aanleiding van die Bybelstukke. Tydens die gesprekke het ek dan ook al meer en meer ervaar dat die mense wat daar was, regtig daar was tot eer van God en dat hulle Jesus se liefde in gedagte gehad het in alles wat hulle daardie twee weke gedoen het. Die fisiese bou van die huise is dus nie al waaroor dit gaan nie. Dis ook nie asof jy als vir die gemeenskap bou, of net 'n hoop geld aflaai en dan weer verdwyn nie. Die gemeenskap self moet help. Wat dit beteken is dat jy 'n band kan skep met die mense wat daar bly terwyl julle langs mekaar werk. Dit gee hulle hoop vir die toekoms en hulle voel die liefde van Christus. Die liefde wat hierdie mense ervaar word dan aan hulle verduidelik as 'n liefde wat ons vrylik gee na aanleiding van ons geloof in Christus.

Hulle het werklik niks en hul lewensomstandighede is werklik onmenslik. En dit is dan werklik die mooiste wat ek daar ervaar het; ondanks die omstandighede waarin hulle bly en hoe min hulle het om te eet, hulle het geloof! Geloof wat kan bly groei en blom saam met mense van organisasies soos SHIB.

Vir my was dit uit en uit die geld, tyd en moeite werd en ek sien baie uit daarna om DV volgende jaar weer te mag gaan.

Verjaarsdae

Charmaine de Bruijne	01	Saskia Snijder	16
Arné van de Weide	03	Nico Snijder	19
Rynier Ros	05	Albert van Renssen	26
Hendriët Pouwels	05	Jean Nicholson	29
Janna Trollip	06	Mariëtte Hordijk	29
Dian Conradie	08	Gerda Hamming	31
Richard de Bruijne	11	Albert Groenwold	31

Challenge

In die Handboek by die Bybel kom daar 'n belangrike vraagstuk na vore: hoekom laat God, wat regverdig en goed is, sy kinders ly?

Dag 1 - 3: Eerbiedig in lyding (Job 1:1-2:10)

Uit die eerste hoofstuk van Job mag ons sien hoe Job die Here aanbid het, ten spyte van al die lyding wat hy ondergaan het. Uit hierdie gedeelte mag ons baie van Job leer. Hoe baie kom lyding nie oor ons pad in die mees onverwagse tye nie? Dan is die vraag: val ons op ons knieë soos Job of stoot ons God uit ons lewe uit? Want die belangrikste is om te besef dat ewige vertroosting slegs uit die hand van God kom.

Dag 4 - 19: Stoei in lyding (Job 2:11 – 31:40)

Maar hoekom hou God aan om lyding oor Job se lewe te bring? Was die eerste lyding nie al goed genoeg om sy geloof in God te toets nie? Dan ondergaan Job ook 3 rondtes van argumentasie met sy vriende, dit gedurende sy tyd van lyding. Hoe baie ervaar ons ook nie lyding nie en i.p.v. om ondersteuning te kry van jou vriende, kry jy kritiek. Of miskien is jý die een wat liewers kritiek uitdeel in tye van jou vriende se lyding i.p.v. ondersteuning. Daar is vyf lesse wat ons hier leer en waaraan ons altyd moet vashou:

1. Teologiese standpunte kan 'n valse beeld van God skep.
2. Lyding is nie 'n straf op jou sonde nie, net so min soos wat seën nie 'n vergoeding vir jou goeie dade is nie.
3. God regeer oor die mens.
4. Daar is verborge wysheid agter die eiemagtigheid van die wêreld.
5. Hou God se hand styf vas!

Dag 20 - 24: Berisping in lyding (Job 32:1 – 37:24)

Lyding van die regverdige is eerstens nie 'n teken van God se vyandigheid nie, maar van sy liefde. Tweedens is dit nie 'n straf op die sonde nie, maar 'n versterking van die regverdigmaking. Ons kan so baie leer uit wat Elihu te sê het in hierdie ses hoofstukke. Met die woorde van Elihu in gedagte, wat kan jy leer oor die berisping wat jy ontvang in tye van lyding?

Dag 25 - 29: Openbaring van God in lyding (Job 38:1 – 42:6)

John Piper spreek ons aan op die volgende: "Dit is arrogant om te dink dat jy God kan voorskryf hoe Hy die wêreld regverdig moet bestuur." Stem jy saam met hom? Hoe baie wil ons nie vir God sê hoe ons ons lewens wil hê nie? In gebed mag ons dan na God gaan en Hom vra om ons hiermee te help.

Dag 30 – 31: Omkering in lyding (Job 42:7-17)

Wat God van ons wil hê in al sy werke is 'n verslae hart en 'n gebroke gees sodat ons in vreugde soos 'n klein kind op Hom alleen sal vertrou. Dan verander God teenspoed in geluk.

Ná hierdie maand se Challenge en al die artikels oor die boek Job, probeer om daarop te fokus. En probeer om lyding as 'n seën te sien en nie as 'n las nie. Toe Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het, kon ons werklik sien hoe 'n onskuldige Kind van God ly.

Bronne:

- Handboek by die Bybel. Pat en David Alexander; 3de Uitgawe.
- Job: Five Sermons on Suffering. John Piper. www.desiringgod.org